




Republiek Is Vandag

Nodig

die omstandighede, binne- sowel as buitelands, dui egter daarop dat hierdie mening verkeerd is.

Dit ly geen twyfel dat Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes een lotsbestemming in S.A. het nie. Wat met Van Zyl gaan gebeur gaan ook met Jones gebeur. Maar solank as wat die Britse konneksie gehandhaaf word, word verhoed dat Jones, net soos sy Afrikaanssprekende buurman een enkele Suid-Afrikaanse loyaliteit en trou ontwikkel, het dr. Van Zyl gesê. Die Britse konneksie

Republikanisme is vandag praktiese politiek in Suid-Afrika, het dr. F. D. du Toit van Zyl, Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag, verlede Saterdag op Bellville verklaar by geleentheid van die jaarlikse viering van Vryheidsdag. Die tyd is nou ryp vir republiekwording, het hy gesê. Niks is meer prakties vandag as die republiek nie. Die Unie se hoëkommissaris in Londen, dr. A. L. Geyer, het verklaar dat die republiek nie praktiese politiek is nie. Al

AFRIKA MOET VEILIG WEES NÁ OORLOG SÊ A.K.G.

Voorwaardes Vir Oorsese Deelname

„Ons vier vanjaar Vryheidsdag teen die agtergrond in die buiteland van 'n dreigende wêreldoorlog teen die kommunisme en in die binneland van die moontlike uitkakeling van vyandskap tussen nasionale Afrikaners. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die houding van die republikeinsgesinde Afrikaners in Die O.B. teenoor hierdie sake wat ek genoem het, te stel.

„Ons wat republikeine is, is heeltemal gewillig om, net soos die soldate van ander volke, 'n anti-kommunistiese oorlog te voer. Trouens die O.B. was in S.A. nog altyd op die voorpunt van die stryd teen die kommunisme. En wanneer die stryd oorgaan tot 'n wapenstryd op wêreldskaal sal die O.B. ongetwyfeld nie sy deelname weier nie,” het mnr. J. A. Smith, adjunk-K.G., verlede Saterdag op Bellville gesê toe hy sekere voorwaardes voorgehou het vir Suid-Afrika se deelname aan 'n wêreldoorlog.

Deelname aan 'n oorlog teen die kommunisme kan van tweërlei aard wees, het hy gesê. Eerstens kan dit beperk bly tot verdediging van die vaderland teen die aanval wat oor die land, oor die see of uit lug mag kom. Tot sodanige deelname sal elke republikein hom onvoorwaardelik bind. Tweedens kan deelname uitgebrei word tot 'n stryd buitekant die grense van die vaderland wanneer in bondgenootskap met ander volke die stryd aangeknoop sal word in enige of 'n bepaalde deel van die wêreld teen die kommunistiese vyand. Tot sodanige deelname kan republikeine wat gesteld is op die onafhanklikheid van hul vaderland hulle nie onvoorwaardelik bind nie. Wêreldoorloë bring skommeling in belangesfere mee.

Wanneer die republikein gaan deelneem aan 'n buitelandse oorlog moet hy eers 'n bevredigende antwoord ontvang op twee fundamentele vrae. Eerstens, waarteen gaan ek veg, en tweedens, waarvoor gaan ek veg? Watter uitslag sal ek verwelkom?

RESULTAAT VAN TWEE OORLOË

Suid-Afrika het reeds in hierdie eeu aan twee wêreldoorloë deelgeneem. Wat het S.A. daarvoor gekry? Wat het hy bereik? In die eerste wêreldoorlog het S.A. gehelp om 'n wit nasie — die Duitsers — uit Afrika te dryf en in die tweede wêreldoorlog het S.A. 'n ander wit nasie — die Italianers — ook uit Afrika verdryf. In die plek van hierdie wit nasies het onafhanklike swart state gekom en 'n Britse Empire-mag wie se eerste oogmerk op die oomblik skyn te wees om die gebiede in Afrika aan die swart man oor te dra. Voorts, hoewel S.A. in twee wêreldoorloë saamgeveg het met die geallieerde volke van die weste het daardie bondgenote van ons vandag hoegenaamd geen simpatie met ons lewenstryd om die heerskappy van die witman in S.A. te handhaaf nie. Intendeel hulle veroordeel ons goedbedoelde pogings in belang van ons selfhoud. Voorts is dit ook waar dat S.A. se deelname aan die

twee wêreldoorloë, om die minste daarvan te sê, welbehaaglik was vir die Britse Empire. Ten spyte daarvan is Brittanje nie eers bereid om die Britse Protektorate, binnekant ons landsgrense, aan ons oor te maak nie. En om die kroon te span, S.A. is nog steeds 'n koninkryk binne 'n Statebond, met Brittanje aan die hoof en met 'n Britse vors op ons troon. Ons werklike vryheid lê nog ver in die verskiet — ons eie republikeinse volkstaat.

REPublikeine

Die afgelope twee wêreldoorloë is geveg toe 'n Empire-gesinde bewind oor S.A. regeer het en dit is histories bekend dat republikeine hul deelname aan daardie oorloë geweier het, maar nou is daar 'n derde wêreldoorlog op koms waaraan republikeine wel bereid is om deel te neem — selfs gretig is om deel te neem, want ons wil almal teen die wêreldbedreigende kommunisme veg. En bowendien regeer daar tans 'n nasionale bewind oor S.A. Republikeine het derhalwe die volle reg om te verwag dat die regering dit vir hulle sal moontlik maak om aan die komende oorlog deel te neem deur uitdruklik neer te lê, nie alleen waarteen die republikein moet veg nie, maar ook waarvoor hy gevra sal word om die wapen op te neem.

VRYHEID

In die eerste instansie veg enige volk hoofsaaklik vir sy vryheid. Die Afrikaner is by uitstek vryheidstryder. Ek het reeds in die verlede geveg vir republikeinse vryheid. Daarvoor sal ek weer die wapen opneem en daarvoor sal ek my mede-Afrikaner met 'n goeie gewete kan vra om ook die wapen op te neem.

As 'n nasionale regering in teenstelling met 'n Empire-regering die S.A. mannekrag sowel as die landbronne wil inwerp in 'n wêreldoorlog wat op die wêreld se slagvelde gevoer moet word, dan moet die oorlogsdoel nie net wees om die gesamentlike vyand te verslaan nie, maar ook om voordeel te behaal vir S.A. En as 'n nasio-

nale regering meer bepaald goed en bloed gaan offer om die vasteland van Afrika te beskerm, dan moet daardie vasteland — ná die S.A. offers gebring is — vanselfsprekend nie langer 'n bedreiging wees vir die veiligheid en heerskappy van die witman in S.A. nie.

Ek vereenselwig my derhalwe met die mening uitgespreek deur die Eerste Minister vanoggend in die pers na aanleiding van die Britse beleid ten opsigte van die Goudkus. Ek en u almal is bly oor die Eerste Minister se klaarblyklike gevolgtrekkings dat die Statebond onder Brittanje se leiding gevaarlik is vir ons om lid daarvan te bly sowel as 'n klug wat sogenaamde medeseggenskap en medewaardigheid betref. Die noodsaaklikheid om uit die Brits-beheerde statebond te tree is reeds dringender as die republikeinse drang in ons harte.

OORLOGSDOEL

Wat deelname aan die oorlog betref moet die positiewe oorlogsdoel van enige Suid-Afrikaanse regering wat wil deurgaen vir nasionaal en republikeins, drie aangeleenthede behels: Eerstens, republikeinse vryheid buitekant die Britse of soortgelyke Statebond; tweedens, inlywing van die sogenaamde Britse „protektorate” binne die landsgrense van die republiek, en derdens, die verdeling van Afrika in permanente blanke en nie-blanke gebiede waardeur blanke bewoning en heerskappy in Afrika permanent beveilig sal word.

Dit is die republikeinse stand- (Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

AS DIT GOED GAAN

Dit is ongelukkig waar dat sodra dit sleg gaan met ons op partypolitieke gebied, is ons republikeine. En dan dien ons mosies in by die parlement om die republiek te vra. Maar sodra dit weer goed gaan op partypolitieke gebied en ons in staat is om die republiek te bring dan verflou die republikeinse geesdrif en word die republiek op die agtergrond geskuiwe. Juis omdat dit so is, rus daar 'n verantwoordelikheid op die Ossewabrandwag om gedurig te pleit vir die republiek. En wan- (vervolg op bladsy 6 kolom 3)



staan nie alleen in die pad van eenheid maar ook in die pad van nasiewording. Slegs in 'n republiek sal blanke eenheid in S.A. verkry kan word en slegs in 'n republiek sal ons selfstandige nasieskap tot volle ont-plooiing kan kom.

STRYDOM WAARSKU TEEN VREEDSAME EMPIRE-POGINGS

Net nadat dr. Malan verlede Saterdag op Stellenbosch gewag gemaak het van die feit dat ons vandag staan „as vrye onafhanklike volk, nie onderdanig aan enige ander volk in die wêreld nie,” het mnr. J. G. Strydom, minister van lande, met nadruk verklaar dat as ons die republikeinse ideaal laat vaar, ons volk sielloos en doelloos sal word en sterf.

Mnr. Strydom het verwys na die Boere-republiek wat die Afrikaner gered het van die Britse imperialisme „wat hom daardie dae, net soos vandag nog, ten doel gestel het om daardie onafhanklikheid te vernietig.”

Mnr. Strydom het voorts gesê dat die Britse imperialisme hierdie doel afwisselend probeer bereik het met geweld en soetklinkende beloftes. „Geluk-

kig was daar egter nog altyd groot en sterk geeste in wie se lewe hierdie ideaal voortgeleef het. Die ideaal is in 1935 op die wapen van die Nasionale Party geskryf en dit staan vandag nog daar. Dit is deels omdat die Nasionale Party met hierdie ideaal gekom het, dat hy die bewind kon verower. As die Afrikaner wil voortbestaan moet hy hom verset teen vreedsame pogings om hierdie ideaal te vernietig,” het hy gesê.

KAAPSTAD HERNUWE VRYHEIDSGELOFTE

Tussen vier- en vyfhonderd mense het verlede Saterdag opnuut die vryheidstryd aanvaar toe hulle as teken van hul vasberadenheid elkeen 'n stuk hout op die vryheidsvuur gewerp het by geleentheid van 'n Vryheidsdagfunksie van die Skiereilandse Ossewabrandwag te Bellville. Voordat die plegtigheid aangebreek het, is eers leis gebrui en verserings geniet wat deur die offisiere onder leiding van mnr. S. J. Kamffer, stafhoof, aangebied is. Etlike lede van die O.B. uit omliggende dele was ook teenwoordig.

Nadat toesprake gehou is deur dr. F. D. du Toit van Zyl, gebiedsleier, mev. dr. J. S. du Toit, gebiedsvrou, en die Adjunk-K.G., mnr. J. A. Smith, het 'n sestigstal Boerejeuglede met fakkels opgedaag. Die vryheidsvlam is aan die Adjunk-K.G. plegtig oorhandig waarop hy die houtstapel aangesteek het. Onderwyl die vuurkolomme die omliggende veld verlig het met die boodskap van 'n republikeinse vryheidsideaal wat nog in Boereharte lewe, het die groot skare die gelofte aangehoor wat deur

die voorsitter, adv. J. de Vos (hoofgeneraal) voorgelees is. Vir een minuut was daar 'n indrukwekkende stilte voordat die skare in gelid na die vuur beweeg het om dit nog hoër te laai met die hout wat elkeen as teken van sy voorneme daarin gegooi het.

Die verrigtinge is met gebed geopen deur mnr. Heyns (kommandant) en opgeluister met besielende musiek deur die O.B.-blaasorkes onder leiding van mnr. S. J. Swanepoel (komdt.).

DIE O.B., WOENSDAG, 28 FEBRUARIE 1951

VERYDELDE AMBISIE OP HOOGSTE KERF

By geleentheid van 'n eetmaal het pres. Harry Truman dit gehad oor die verskillende possies wat hy beklee. „Ek dra 'n hele paar hoede,” het hy gesê. „Ek is die president en hoofuitvoerende beampste van die grootste republiek in die wêreld, en ek hoop ek kan daardie amp vervul soos dit behoort gedoen te word. Ek is hoof van die Demokratiese Party solank ek president is. Ek is die sosiale hoof van die staat, en dan het ek nog 'n ander werk — ek is opperbevelhebber van die gewapende magte van die Verenigde State.” Hierop het pres. Truman skertsend laat volg: „Daar is een ding in verband met hierdie betrekking, en dit is dat dit geen toekoms inhou nie. Elke jong man wil graag iets hê om na vooruit te sien.”

Die gevoel van verydeling wat pres. Truman agtervolg, sal seker in nog groter mate aanwesig wees by „generalissimo” ofte maarskalk ofte premier Josef Stalin (koerantmanne beweert dat Stalin besonder graag aangespreek word op die eerste benaming). Pres. Harry Truman het darem nog die voorsprong bo Stalin sover dit ambisie betref dat hy elke paar jaar 'n (egte) verkiesing moet veg en — soos dit verlede keer gebeur het — soms 'n taamlike persoonlike prestasie behaal wat die eie ek aansienlik behoort te streel. Hierin het hy selfs 'n voorsprong op sy voorgangers wat in die jare voor Roosevelt tradisie-onthalwe beperk was tot slegs een ampstermyn.

ARMOEDIG

Maar in die gemoed van „generalissimo” Stalin moet dit armoedig toegaan. Sover dit sy binnelandse aspirasies betref, beweeg hy in die land van willose robots. Vir afwyseling laat hy ook so nou en dan 'n verkiesing hou — sonder teenstand. So pas weer het daar 'n klein beriggie in die Westerse pers verskyn van 'n magtige oorwinning wat „maarskalk Stalin” by die stembus behaal het. 'n Woordelike aanhaling van die berig sal aan die leser miskien groter genoegdoening verskaf as wat die oorwinning Stalin besorg het. Dit lui:

„Maarskalk Stalin het bo-aan die lys van kandidate uitgekome in 10 van die 16 republieke in die parlementêre verkiesing wat Sondag plaasgevind het, het Radio Moskou gister berig. „Pravda het verklaar dat die verkiesings 'n duidelike onderskrywing is van Stalin se vredesprogram soos vervat in Pravda se onderhoud met Stalin op Vrydag (waarin hy 'n bitsige aanval op die Britse eerste minister gedoen het). „Kommunistiese kandidate — daar was geen opposisie nie — het in elke distrik gewen.”

MOET KAN „SMAAK”

'n Ambisieuse mens kan nie met sy skaduwee meeding nie — veral nie as hy die vermoë het om sy posisie ten opsigte van die son so in te rig dat hy elke keer wen nie, al is dit soms — vir die afwisseling — in die verhouding van 10 tot 6. Die ou aia het haar bedeesde man op 'n dag vurig aangehits om dan ook terug te skel „sodat die stry kan smaak.” Die stryd teen robots wat jy self beheer sal seker baie gou eentonig word, en soos Harry Truman gesê het, elke jong man sien graag vooruit na iets.

Geen wonder dat „generalissimo” Stalin die drang nie meer kon onderdruk om ook 'n verkiesingsaanval te loods nie. Teen sy eie robot-kandidate sou dit nie net sinloos wees nie, maar ook gevaarlik omdat dit 'n refleksie sou werp op die robotsmid self. Gevolglik het hy Clement Attlee, eerste minister van Brittanje, as teenkandidaat uitgekies en so 'n skerp persoonlike venyn in Pravda teen hom kwytergeraak dat die Britse kabinet 'n haldosyn kabinetsvergaderings byeengeroep het om die antwoord met die passende krag te laai.

Maar die aanval op die mede-sosialis Clement Attlee is 'n duidelike aanduiding waarheen „generalissimo” Stalin se verydelde ambisies hom dryf. Binne sy imperium waar hy eienaar is nie net van alles wat normaalweg as voorwerpe van eiendom beskou kan word nie, maar selfs van miljoene mense, vind sy ambisie geen bevrediging meer nie. Binnenslands bly daar niks meer oor om „na vooruit te sien nie.” Hy wend dus sy ambisieuse oë na die res van die wêreld wat nog buite staan.

Van Die Os Op Die Esel

Deur Sybrand

Wyle Henri Slegtkamp

Die afsterwe van wyle Henri Slegtkamp, hoofgeneraal van die Ossewabrandwag en kaptein van die beroemde T.V.K. (Theron se Verkennerkorps) uit die Tweede Vryheidsoorlog, het my gedagtes laat teruggaan na die laaste keer wat ek die voorreg gehad het om met hierdie dapper held uit ons volk se heroïese verlede te gesels. Die gesprek het plaasgevind op Mooi Eiland, die plaas van die oorledene se vriend en leier, Hans van Rensburg. Dit was in die aand. Henri Slegtkamp het die nag op die plaas oorgebly want hy wou die volgende môre vroeg uitvoering gee aan 'n langbestaande begeerte van sy hart. Henri Slegtkamp was in 'n opgewekte stemming en hy het gesels terwyl ons wat teenwoordig was, geluister het.

Vir hom was die verlede en die hede maar een — 'n stryd vir die vryheid. Sy vertellinge oor die stryd van vyftig jaar gelede wat hy in die oorlogsveld gevoer het en die stryd van die afgelope oorlogsjare wat hy in die Ossewabrandwag gevoer het, het innemekaar geveg. Vir hom was dit dieselfde stryd wat nog altyd voortgesit word. Miskien is dit die verklaring van sy hartstogtelike liefde vir die Ossewabrandwag. Want in die O.B. het hy dieselfde stryd en dieselfde bittereindergees teruggevind wat hy in sy jeugjare gevoer en geken het. Dit het vir hom die aangename indruk gegee dat sy lewe en sy stryd kontinuïteit het. En dit is terwille van hierdie kontinuïteit wat hy simbolies op aanspreeklike wyse wou vaslê dat hy na Mooi Eiland gekom het.

Die Vryheidsboom op Mooi Eiland

Sy begeerte was om 'n boom — 'n vryheidsboom — op Mooi Eiland te plant. „Daardie Eiland is ryk aarde,” het hy gesê, „en wat jy daar plant, groei en groei vinnig.” Toe het die ou man regop gaan sit in sy stoel en hy het vinnig en kwaai gepraat. Ek onthou sy woorde baie goed. Hy het gesê: „Ek gaan weg, want ek is oud, maar julle, julle bly agter want julle is jonk. Julle moet sorg dat die republikeinse beweging in Suid-Afrika net so vinnig groei soos die boom wat ek môreoggend gaan plant.” Toe het die ou man weer teruggesak in sy stoel. En ons het elkeen geweet dat die ou held sy hart vir 'n oomblik aan ons blootgelê het. Die stryd vir die republiek moet voortgaan. Dit wou Henri Slegtkamp by ons inprent. Hy het sy hele republikeinse hoop gevestig op die Ossewabrandwag.

Die volgende môre het Henri Slegtkamp uitvoering gegee aan sy begeerte. Hy het die Vryheidsboom op Mooi Eiland geplant. En toe het net nog oorgebly dat die Ossewabrandwag die liggaam van hierdie taale bittereinder moes wegbêre in die bodem wat hy liefgehad het. En dit het ook reeds gebeur.

Nou groei die boom op Mooi eiland. En die taak wat Henri Slegtkamp aan elke lid van die Ossewabrandwag opgedra het, is om die republikeinse beweging ingelyks te laat groei.

'n Historiese Onjuistheid

Dit was Henri Slegtkamp se begeerte dat die Ossewabrandwag hom moes begrawe. En die beweging het met liefde vol-

doen aan hierdie laaste versoek van 'n held van ons volk.

Ek is jammer dat ek nou 'n saak moet aanroer wat onaangenaam is, maar ek ag dit my plig om dit te doen, nie alleen terwille van die nagedagtenis van Slegtkamp nie, maar ook terwille van historiese juistheid. Ek wil verwys na die berigte oor die begrafnis wat in die Afrikaanse koerante van die H.N.P. verskyn het. Want al was Henri Slegtkamp 'n generaal van die Ossewabrandwag, was hy by uitstek 'n historiese figuur wie se dood selfs die H.N.P.-koerante nie gewaag het om te verswyg nie. Maar daardie koerante het sorgvuldig verswyg dat hy deur die Ossewabrandwag begrawe is. Intendeel het hulle hul lesers meegegee dat kaptein Slegtkamp 'n „militêre” begrafnis gekry het. Dit is 'n historiese onjuistheid, want dit is nie die leër nie maar wel die Ossewabrandwag wat vir Henri Slegtkamp begrawe het.

Is die vyandskap van die H.N.P. teenoor die Ossewabrandwag dan nog so groot dat die doodswyg-beleid wat die party se koerante teenoor die beweging volg, selfs nie eens by die ope graf van 'n held van ons volk vir 'n oomblik gestaak kan word nie? Waarom mag die Afrikaners wat die H.N.P.-koerante lees dan nie weet dat Henri Slegtkamp 'n generaal van die O.B. was nie en dat die O.B. hom, op sy versoek, begrawe het nie?

Die Algemene Bestuurder

Ek lees in die koerante dat die Verenigde Party 'n nuwerwetse aanstelling gedoen het. Dr. F. J. van Biljon is naamlik aangestel as die „Algemene Bestuurder” van die Verenigde Party. Niemand skyn heeltemal seker te wees watter pligte aan die pos verbonde is nie. Al wat seker is, is dat dr. Van Biljon 'n vername kopstuk van die Verenigde Party word.

Dit lyk vir my asof die partypolitiek nou dieselfde weg begin opgaan as die kapitalisme. Deur testamentêre erflating het kapitalistiese groot-ondernemings in die hande geval van enkele families. Dit het mettertyd geblyk dat hierdie families slegs die geld geërf het en nie ook die vermoë om die betrokke sake- of industriële ondernemings te bestuur nie. Dit is 'n ontwikkeling wat in alle kapitalistiese lande plaasgevind het. En as gevolg van hierdie ontwikkeling het die ondernemings onder die beheer gekom van algemene bestuurders wat deskundiges op die gebied van die betrokke ondernemings was. Die enigste funksie wat die kapitaliste as sodanig begin vervul het was om die geld uit te gee terwyl die oorspronklike funksie van die kapitalis — die

van ondernemer — oorgegaan het in die hande van die algemene bestuurder.

Die Les van die Geskiedenis

Hierdie revolusie wat binne die kapitalistiese stelsel aan die gang is, het die Amerikaanse skrywer James Burnham uiteengesit in sy boek „The Managerial Revolution.”

Die geskiedenis leer dat so dra 'n magsgroep sy diensfunksie in die samelewing verloor, hy ook mettertyd sy bevoorregte posisie kwytraak. Dit het gebeur met die adelstand in Frankryk. Toe die feudale stelsel nog in swang was, het die edelman op sy landgoed 'n diensfunksie vervul. Met die koms van die nasionale staat het die edelmanne in die hoofstad gaan kattermaai en slegs 'n bestuurder op die landgoed agtergelaat. Dit was die begin van die Franse revolusie en die einde van die edelmanne.

Vandag kattermaai die kapitalistiese families in die vakansie-oorde van die wêreld, terwyl 'n bestuurder hul ondernemings beheer. Dit is sekerlik die begin van die revolusie teen die kapitalisme en al sal die koppe van die kapitaliste nie letterlik gaan waai nie, sal hulle hul onverdiende vermoë tog ongetwyfeld in die toekoms kwyte wees.

Ware Leiers van ons Tyd

En nou het die „managerial revolution” ook na die Suid-Afrikaanse partypolitiek gekom. Ek wonder of dit die begin van die revolusie is wat die potitiese mag uit die hande van die babbelende partypolitici moet neem en in die hande van deskundiges moet plaas? Dit is in ieder geval 'n teken van die tyd.

Ek het al dikwels in hierdie kolomme geskryf dat die deskundiges op die verskillende terreine van die menslike bedrywigheid die ware leiers van ons tyd is. In die eerste helfte van die twintigste eeu het hierdie manne 'n wonderbaarlike kennis vir die mensdom verworf. Teenoor hulle ongeëwenaarde prestasies staan die volslae mislukkinge van die politieke leiers van ons tyd om die kennis tot hul beskikking aan te wend tot voordeel van die mensdom wat hulle moet regeer.

Vandaar dat moderne bewegings, soos die Ossewabrandwag, glo aan die selsel van beroepsverteenvoording w a a r d e u r deskundiges in die geleentheid gestel sal word om self die voordele van die kennis wat hulle iergewin het tot beskikking van die mensdom te stel.

Is die aanstelling van die deskundige, dr. Van Biljon, nie in sy diepste aard, 'n toegewing aan die behoefte na beroepsverteenvoording nie?

TOESPRAAK

KOMMANDANT-GENERAAL

Wat gelewer is by die opening van die Uniale Laertrek. Nou verkrygbaar in pamfletvorm teen 1/- per dosyn.

Bestel by:

Posbus 1411, Kaapstad.

Posbus 1059, Pretoria.

Voorraad beperk. Bestel dadelik.

DRAMATIESE STRYD OOR KLEURLINGE VERWAG

Die parlementêre toneel word op die huidige oomblik ongetwyfeld oorheers deur die groot politieke partye se voorbereidings vir die op hande synde botsing oor die sogenaamde kleurlingwetsontwerp. Enersyds is die regerende partye vasberade om die maatreef op die wetboek te plaas en andersyds is die opposisieparty ewe vasberade om die maatreef in die parlement te bestry van begin tot einde. Indien die maatreef wet word, is die opposisie selfs voornemens om die regsgeldigheid daarvan in die gereghoeve van die land te toets.

Die hardnekkige botsing oor hierdie wetsontwerp wat in die vooruitsig gestel word, is nie vir dowe neut nie. Daar is vir albei partye oneindig baie op die spel. Daar is vir albei verskeie setels op die spel.

Die wetsontwerp beoog hoofsaaklik die verwydering van die Kleurlingkiesers van die blanke kieserslyste en die skepping van vier bykomende Kleurlingkies-afdelings. Dit beteken dat slegs blankes in die toekomst in die bestaande kiesafdeling sal kan stem omdat die Kleurlingkiesers in hul eie kiesafdelings vir hul eie kandidate sal moet stem. Ingevolge hiervan hoop die regerende partye om heelwat kiesafdelings waarin die Kleurlingkiesers tans die balans van mag hou in die toekomst op die opposisieparty te verower, en omgekeerd verwag die opposisie stellig om daardie kiesafdelings te verloor. Derhalwe gaan die politieke partye verbete veg vir hul eie belange, maar vanselfsprekend sal die stryd oor 'n ander, meer verhewe boeg gegooi moet word.

DRAMATIES

Daar is verskeie bykomstige elemente wat beloop om die botsing oor die wetsontwerp besonder dramatiese te maak.

In die eerste instansie het die H.N.P. aan hul volgelinge verduidelik dat die politieke regte van die kleurlinge verminder sal moet word selfs met 'n gewone partypolitieke meerderheid omdat dit nie geduld kan word, in belang van blanke heerskappy, dat die kleurlingkiesers in soveel kiesafdelings die balans van mag hou nie.

In die tweede instansie het die H.N.P. se bondgenoot, mnr. N. C. Havenga, in die openbaar verklaar dat hy nie sal toelaat dat die regte van kleurlinge verminder word met 'n gewone partypolitieke meerderheid nie.

(d.w.s. sonder inagneming van die verskanste bepalinge van die grondwet nie) omdat sodanige optrede bots met sy oortuigings insake grondwetlike stabiliteit.

Om die eerste horinkie by die tweede kloutjie te bring, het die bondgenoot 'n waaghalsige oplossing bedink. Hulle het naamlik besluit om 'n wetsontwerp

POLITIEK IN OENSKOU DEUR WAARNEMER

in te dien waarvan hulle sal sê dat dit in ooreenstemming is met die standpunt van mnr. Havenga maar wat inderdaad die beleid van die H.N.P. verteenwoordig. Dit is hierdie teenstrydigheid ten aansien van die regerende partye se woorde en dade wat die opposisieparty laat watertand vir die botsing wat voorlê.

UITSPRAAK

Die regerende partye hoop dat die speaker van die volksraad vir hulle sal help om die kloutjie by die horinkie te bring deur te beslis dat die wetsontwerp nie die regte van die Kleurlinge verminder nie en derhalwe nie onderhewig is aan die verskanste bepalinge van die grondwet nie. Die opposisieparty daarenteen hoop weer dat die speaker nie so 'n beslissing sal gee nie. Indien die speaker egter wel so beslis, maak hulle hulle klaar om die regsgeldigheid van sy uitspraak in die houe te gaan toets.

Ek glo nie dat die houe die toetsingsreg het nie. Blykbaar is die parlement absoluut soewerein. Derhalwe glo ek dat die regering sy wetsontwerp sal deurvoer en dat geen hof die regsgeldigheid van die wet sal betwis nie.

TEENSTRYDIG

Afgesien van die teenstrydigheid ten aansien van die wetsontwerp is daar ook 'n teenstrydigheid in die wetsontwerp oor die beginsel van apartheid. Die wetsontwerp maak naamlik voorsiening daarvoor dat die twee verteenwoordigers van die Kleurlinge in die Kaaplandse provinsiale raad kleurlinge mag wees. 'n Regering wat die hoeksteen van sy beleid skeiding tussen wit en swart maak, kan moeilik op beginselgronde 'n beleid van saamhoerigheid in die Kaaplandse provinsiale raad tussen wit en swart goedpraat. Na ek verneem, het dit selfs bitter moeilik gegaan om dit in die regeringsparty se kous goed te praat. Maar daar was dit ook nie nodig om dit goed te praat nie want die diktatuur van die kous het onderdanige aanvaarding van die teenstrydigheid verseker.

Die opposisieparty glo dat hierdie wetsontwerp dinamiet vir die regeringsparty is en derhalwe is hulle vasberade om niks ongedaan te laat wat 'n moontlike ontploffing kan veroorsaak nie. Ek moet eerlik sê dat ek nie die hoop van die opposisieparty deel nie.

MNR. PIROW

Dit is vir my baie moeilik om agter te kom wat die partypolitici se reaksie is op die duidelike begeerte van adv. Oswald Pirow om terug te keer na die parlementêre stryd en om aan toekomstige verkiesings deel te neem. Hierdie begeerte is 'n paar maande gelede in Pretoria te kenne gegee op die konferensie van Studiekringe van die Nuwe Orde maar daar is besluit om eers in Juniemaand te verklaar of mnr. Pirow by die volgende verkiesing kandidate sal stel of nie.

Sover ek kan bepaal glo die politici van al die partye — ek lei dit af van die houding van die paar wat aan die saak 'n bietjie aandag gegee het — dat mnr. Pirow self nie weet of hy tot die parlementêre stryd moet terugkom nie. Derhalwe het hy op sy konferensie 'n klip in die bos gegooi om te hoor of daar 'n jakkals sal tjank. Hulle meen dat daar tot dusver nog geen jakkals getjank het nie en hulle verwag ook nie dat mnr. Pirow nou nog 'n jakkals kan raakgooi nie. Trouens niemand skyn te verwag dat mnr. Pirow by die volgende verkiesing kandidate sal stel nie.

Ek weet gladnie wat mnr. Pirow gaan doen nie en ek gaan ook nie daaroor spekuleer nie. Ek wil egter sê dat indien dit waar is dat mnr. Pirow wag op reaksie van moontlike ondersteuners dan is dit my mening dat hy sodanige reaksie eers sal kry nadat hy ondubbelsinnige en bindende besluite insake sy toekomstige optrede aangekondig het. Die Engelse het 'n spreekwoord wat lui: „Faint heart never won fair lady.”

RHODESIËRS RAAK BELEDIGEND JEENS AFRIKANERS

Die Vigilants' Association wat 'n paar maande gelede in Suid-Rhodesië gestig is om Afrikaners wat nie „goeie Rhodesiërs” sou wil word nie, uit te ruik, is vinnig besig om die goeie gesindheid tussen die twee bevolkingsdele te vernietig, word berig. Teen Afrikaners word al meer gediskrimineer ook van owerheidsweë.

As voorbeelde word genoem gevalle waar Afrikaanse boere by die polisie kla oor natuurlike wat wegdros — natuurlike wat deur die regering onder kontrak verskaf word en dus gedwing kan word om hul dienskontrakte uit te voer. Dit het gebeur dat selfs waar die boere meedeel waar die natuurlike hulle bevind, die polisie hulle nie vang nie. Natuurlike word ook opgestook om nie by Afrikaanse boere te gaan werk nie.

Hoe vyandiggesind die Britte teenoor Afrikaans is, blyk uit die ondervinding van 'n geneesheer wat verklaar dat hy in die hospitaal wel enige Bantoe-taal met sy pasiënte mag praat, maar nie Afrikaans nie. Die geneesheer het 'n klag by die regering ingedien omdat 'n verpleegster geweier het om hom by te staan omdat hy 'n Afrikaanse kinderspasiënt in haar eie taal aangespreek het. Hulle verklaar dat dit vir hulle 'n belediging is dat Afrikaans in hul teenwoordigheid gespreek word.

Bewapening Van Inboorlinge

„Ons ondersoek die moontlikheid om groter gebruik te maak van ons koloniale mannekrag tervensterking van ons gewapende magte,” het die Britse minister van verdediging, Shinwell, die laerhuis meegedeel in verband met die vraag van bewapening van inboorlinge.

Daar bestaan 'n sterk gevoel in Brittanje dat die swart mazzas in Afrika die leë plek moet vul wat die verlies van Indiese troepe veroorsaak het. Daar word egter gevoel dat 'n beleid van algemene bewapening van inboorlinge die verset van blanke leiers oral in Afrika sal ontken. Daar word dus op die oomblik aandag geskenk aan die moontlikheid om kleiner getalle natuurlike deeglik in die krygskuns op te lei wat dan onder blanke leiding in 'n oorlog gebruik kan word.

Die antwoord van die betrokke minister was dat daar geen rede bestaan vir 'n geneesheer om Afrikaans in 'n Rhodesiese staatshospitaal te praat nie.

Die superintendent van die hospitaal het op die vraag of 'n Britse geneesheer belet sal word om in Frankryk Engels met 'n Britse pasiënt te praat, ewe domastrant geantwoord: „Dit is heeltemal 'n ander saak.”

Het Britse Regering Nog Nie Genader

Die Suid-Afrikaanse regering het geen versoek gerig aan die Britse regering vir die oorplasing na Suid-Afrika van die Britse Protektorate nie, het mnr. N. C. Havenga in die Volksraad verklaar toe hy namens die eerste minister op 'n vraag van mev. Ballinger geantwoord het. Die eerste minister sal wag vir 'n geskikte geleentheid voordat hy sodanige versoek rig, het mnr. Havenga verklaar.

Somertabberds

In Hul
Heldere
Patrone
BY

Steyns

DIE MODEWINKEL
Parow

EIS OORLOGSHULP NOU TERUG

Noudat oorlog met Rusland dreig, het die Amerikaanse regering begin dink aan die hulp wat hy Stalin tydens die vorige oorlog verleen het. Deel van daardie hulp was 672 oorlogs- en handelskepe wat onder die bruikleenstelsel aan die Sowjet verskaf is. 'n Paar maande gelede het Amerika geëis dat die skepe nou teruggegee moet word, maar Stalin het nie baie lus om dit te doen nie.

Op 8 Februarie is 'n formele versoek aan die Russiese regering gerig om die skepe sonder verdere uitstel terug te gee, maar die Russe probeer nog onderhandel. Hul eerste antwoord was dat van die 554 oorlogsvaartuie — soos mynveërs, landing-skepe en torpedobote — daar nog net 237 oorgebly het. Die ander sou in so 'n toestand van

verval wees dat hulle nie meer seewaardig is nie. Hulle bied nou aan om die oorgeblewe oorlogskepe en 87 handelskepe oor te neem teen betaling.

Die Amerikaners eis egter die onmiddellike teruggawe daar hulle nie bereid is om so 'n bydrae tot die Russiese oorlogsvermoë te maak nie.



Waar u ook
mag wees

Kommando

—die gewildote

Suid-Afrikaanse sigaret



TARIEF VAN GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensings, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisings:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

PLANNE OM GELD TE MAAK

Maak baie geld tuis sonder kapitaal. Ons sal u wys hoe. Gefrankeerde koervert sal gratis inligting verstrek. Posbus 16, — O.B., Robinson, Transvaal.

TE KOOP GEVRA

Stuur al u afval Koper (enige vorm) aan I. M. Prinsloo, Pretoria Noord Stasie. Ons betaal 6d. per lb. op u stasie onmiddellik na ontvangs. 24/1/6B

TE KOOP

1 Krink-bokwa, 15 vt., vier vere, voor- en agterremme — f20.
1 Drievoor-ploeg, nuwe skare — f25.
1 Tweevoor-ploeg, nuwe skare — f15.
1 Eenvoor Victor-Tuinploeg — f4 of f60 die lot. — Skryf Gerneke, Biesiesdam, Petrusburg, O.V.S. 28/2/2B

3,000 Pragtige opregte, swart Australorp gewaarborgde kuikens, beskikbaar weekliks. Eerste klas grootmaak vermoë. f6/10/- per honderd. **NASIONALE BROEIERY**, Posbus 1128, Bloemfontein. 31/1/17B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., f10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos”, Posbus 1411, Kaapstad. T.K.



„Besook ons Tak in die Wandelgang, Grootte Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”

Duitse Merino-rammetjies uitverkoop. Plaas bestellings vir November-aftewerings om teleurstelling te voorkom. Geteel van opreggete Elsenburgvaders. C. du Toit, Malanstad. 31/1/7B

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisietaannemers. Poon 9-8435

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wereldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. — Boeregeneesmiddels, Posbus 1272, Johannesburg. D/1/9/49

Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. G14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, Boeregeneesmiddels, Posbus 1272, Johannesburg. B/1/9/49

Slektas en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse Babawaentiles, stoekarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS**, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

Ander Se Menings

SAL EMPIRE SKADE AANDOEN WAARSKU BLAD

Die Britse poging om sy Empire te verstewig deur die toepassing van die so hoogs beproefde resep van „groter vryheid ten einde beslag te lê op die gees,” kan dalk nog misloop. Onder blankes in Afrika het die selfbestuur aan die Goudkus 'n gevoel van bedreiging laat posvat en Die Burger waarsku in 'n hoofartikel die Britse regering dat hierdie beleid nie bevorderlik vir die Empire is nie.

„Die gedagte is natuurlik ook dat die Statebond deur die toevoeging van 'n reeks nuwe lede aan invloed, prestige en ook mag sal win,” verklaar die blad en vervolg:

„Maar die nuwe beleid en veral die onbetaamlike haas waarmee dit uitgevoer word, gaan die Statebond nie versterk nie, maar verswak. Die magte wat losgelaat word is nie midelpuntsoekend nie, maar midelpuntvliedend . . .

„In albei (Rhodesiese gebiede) word die natuurlike deur die gebeure in die Goudkus en regstreeks vanuit Brittanje aangeemoedig om swart baasskap te eis. Moontlik sal minstens een van die Rhodesiërs nog veiligheid teen nie-blanke oorheersing buite die Statebond wil soek. In die geval van die Unie is dit in elk geval onteenseglik waar dat die beleid om swart kolonies oorhaastig in selfbesturende gebiede en volwaardige lede van die Statebond om te skep, belooft om die republikeinse beweging van magtige steun ook onder ons Engelssprekende medeburgers te verseker en nasionale eenheid oor 'n nog skerp bestrede ideaal te skep. Dit is goed dat die Britse Sosialiste moet weet wat hulle besig is om te bewerk.”

V.P. Het Hom Ondiens Bewys

Ten aansien van die Eerste Minister se onlangse verklaring oor die Protektorate - kwessie skryf mnr. Willem van Heerden soos volg in Dagbreek:

„Die Verenigde Party vererg hom gewoonlik bloedig as hy beskuldig word dat hy nie Suid-Afrikaanse sentiment en patriotisme verteenwoordig nie. Die Verenigde Party sal homself waarskynlik 'n ontsettende diens bewys as hy die afgelope week se kommentaar bietjie ontleed en nagaan hoeveel aanleiding en opening hy self gee vir daardie beskuldiging.

„Dr. Malan het op die staatsbanket nie as politieke voorman opgetree nie, maar as Eerste Minister van die Unie. Hy het geen party-beleid verkondig nie, maar namens die Unie 'n aanspraak ten opsigte van die Protektorate gestel en gemotiveer.

„Die Verenigde Party onderskryf hierdie aanspraak, nie baie aktief miskien nie, maar in beginsel wel.

„Wat maak 'n mens nou daarvan dat geen enkele Opposisiekoerant die geleentheid gebruik het om ook die vraag vanuit die gemeenskaplike Suid-Afrikaanse standpunt te benader nie? Die netto-effek van hulle kommentaar was dat Engeland gelyk het om nie die Protektorate te

wil oordra nie, dat die natuurlike van die gebiede gelyk het om nie te wil inkom nie, inderdaad, dat almal gelyk het behalwe die Unie, soos verteenwoordig deur die Regering van die dag.

„Na buite het hulle die heersende vooroordeel in Engeland die skyn van regverdiging gegee, en binnelands het hulle die Nasionaliste die skoonste geleentheid in die hand gespeel om die verwyte te herhaal dat die Engelse pers in Suid-Afrika eintlik geen Suid-Afrikaanse pers is nie, maar nog 'n Engelse provinsiale pers, en dat hulle outomaties teen die Unie kant kies as dit 'n kwessie is van 'n argument tussen die Unie en Engeland.”

Blitsverkiesing Nog Vanjaar Verwag

Na aanleiding van die Protektorate - vraagstuk skryf „Adv. Pirow se Nuusbrief” dat die saak 'n implikasie vir ons partypolitiek het. Die nuusbrief lui:

„Die Regering het omtrent nog twee jaar om vir die volgende verkiesing voor te berei en gedurende daardie tydperk sal veral die stygende lewenskoste sy voorbereidings behoorlik in die wiele ry. Apartheid as verkiesingskreet is grotendeels uitgedien, te meer waar die Kerk en S.A.B.R.A. van die Regering se standpunt verskil.

„As die Nasionale Party dus binnekort, d.w.s. nog in hierdie jaar, 'n slagspreuk kan vind wat die Afrikaners sal inspireer en die Opposisie sal verdeel, kan aangeneem word dat hy met albei hande daarna sal gryp. Die Protektorate-vraagstuk bied se 'n geleentheid. Dit is heg genoeg aan Apartheid en soewereine onafhanklikheid verbonde om die Afrikaner-sentiment tot 'n hoogtepunt op te sweep. Die Afrikaner-werksman wat gevra word om die onmiddellike oordrag van die Protektorate te eis, sal die koste van lewe tydelik vergeet, te meer omdat hy volledig op beloftes in hierdie verband trakteer sal word. Die Duitssprekende kiesers van Suid-Wes sal dit as 'n kans beskou om die posisie van hulle eie land — weg van die V.V.O. — weereens te beklemtoon. Baie Engelssprekendes, en dit sluit byna elke blanke inwoner van die betrokke gebiede wat nie amptenaar is nie, sal saamstem met dr. Malan dat die tyd vir die oordrag nou oorryp is.

„Die Opposisie aan die ander kant, sal verdeeld wees. Generaal Smuts sou „dr. Malan se onoordeelkundige optrede teen Downingstraat” betreur het en baie van die Sappe sal vandag nog so voel. Adv. Strauss sal miskien te veel van 'n realis

(Vervolg in volgende kolom)

Operasie Kon Ontplof Het

'n onontplofde mortierbom van nege by drie duim is deur 'n snydokter verwyder uit die dy van 'n soldaat, Parles, wat in die stryd teen die kommuniste in Frans-Agter-Indië gewond is.

Net die stert van die bom het uitgesteek, en die dokter is meegedeel dat die bom van sy punt af verwyder moet word of so nie sal dit ontplof. Die dokter het alle pasiënte uit die hospitaal laat verwyder en toe vrywilligers gevra om hom by te staan. 'n Verpleegster is ten slotte deur middel van die lot aangewys en die bom is sonder voorval verwyder en in 'n bos ontplof.

(Vervolg van vorige kolom)

wees om die Smuts-houding in te neem, maar hy sal hom moeilik met dr. Malan se optrede kan vereenselwig. Onder al hierdie omstandighede — wat uitdruklik deur dr. Malan geskep is en nie sommer maar gebeur het nie — is 'n blitsverkiesing aan die einde van 1951 nie onwaarskynlik nie. Teen dié tyd sal die Kleurlinge van die lys wees en daar sal miskien selfs 'n spesiale delimitasie in die Kaapland deur die selfde wetgewing geskep wees. Daarmee is aan die Nasionale Party — wat teen dié tyd die Afrikaner Party ingesluk het — die geleentheid gebied om vir 'n verdere vyf jaar met 'n groter meerderheid as tans aan die bewind te kom.”

Soos Ons Lesers Dit Sien

WIE DIE EER TOEKOM

Mnr. Jurgens Bezuidenhout, Ohrigstad, skryf:

Ek lees in u laaste uitgawe dat president Truman geld en nog meer soldate vra ten einde die oorwinning oor ons vyande te behaal. Ek is 'n oud-soldaat wat in 1899 na Transvaal uit Oudtshoorn getrek het en onder komdt. D. J. Schoeman geveg het tot op 31 Mei 1902. My bloed het ook vir vryheid en reg gevloei, en ek sien dus die saak heel goed in met mnr. Truman se ligbewoë oorlog in Korea. Van die begin af was dit 'n mislukking daar met hulle magte en ons magte, ja so erg dat die president 'n beroep op sy volk moes doen om dit 'n saak van gebed te maak. Die vraag is gaan ons die vyand keer? Sekerlik as ons tot die ou paaie terugkeer. Lees wat sê Psalm 141 en Openbaringe 22.

As hulle nie die Russe ook gou kalfloop nie is dit klaarpraat met ons. Maar dan moet ons God die eer gee in ons oorwinnings en nie mense nie.

VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355 PAROW

Teken in op DIE O.B.!

Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.

DIE O.B.

- Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.
- Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.
- Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volkseconomie.
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou. DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

BRITTANJE RED EMPIRE MET GOGGA-TAKTIEK

Losse praatjies dat die Britse Empire besig is om uitmekaar te val, lei nie net tot 'n vals gerustheid aan die kant van republikeine nie, maar dra die gevaar rond dat die Empire inderdaad daardeur versterk word. Die vyandigheidsgevoel wat daar teen die Empire bestaan, maak geleidelik plek vir 'n gevoel van geringskatting wat uiteindelik selfs lei tot meegevoel.

Daar was 'n tyd toe die Britse imperialisme in naakte aanstootlikheid sy tentpenne met geweld ingeslaan het oor die wydtes van die aarde. Maar soos die boomwortel wat op die duur die rots stukkend skeur, is die lewe ook van 'n volk sterker as bande van geweld. Nadat Noord-Amerika op geslaagde wyse teen die Britse gesag in opstand gekom en daar sterk tekens in die eerste helfte van die vorige eeu tot openbaring gekom het dat Kanada die weg van sy buurman gaan volg, het 'n Britse lord die advies aan sy regering gegee om die bande losser te maak ten einde beslag te lê op die gees. Dit het gewerk, en van dié tyd af dateer die moderne Britse imperialisme wat uiteindelik gelei het tot die skepping van die „Britse Statebond” — wat tans besig is om op aandrang van die verslaafde geeste self van sy laaste stukkies aanstootlikheid, die „Britse” etiket, bevry te word. Dan is dit ons eie Statebond en hoe meer siele hoe meer vreugde — selfs die teenwoordigheid van Brittanje sien ons dan al met 'n ope, indien nie verwelkomende gemoed nie.

GROOT SUKSES

Hierdie moderne Britse imperialisme het so deeglik in sy doel geslaag — ook wat die Asiatiese kolonies betref — dat

die Britse regering vandag eintlik oorhaastig is om die taktiek ook op die swart kolonies toe te pas, soos in die geval van die Goudkus. Dit het die Britse minister van koloniale sake, James Griffiths, verlede week in die laerhuis erken.

„Ons is besig om die Empire om te skep in 'n Statebond, nie deur revolusie, bloedvergieting en opstand nie, maar as gevolg van 'n vennootskap tussen die Britse volk en die volke van daardie gebiede,” het hy gesê en daaraan toegevoeg:

„In die afgelope paar jaar het ons gesien hoe hierdie proses sy hoogtepunt bereik het in die gebeure in Indië, Pakistan en Ceylon.”

„Vennootskap” noem die Britse minister dit. Dit is presies dieselfde woord wat Joseph Chamberlain byna vyftig jaar gelede ook gebruik het toe hy geadviseer het dat die Empire omskep moet word in „'n vennootskap met die groeiende kolonies, sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie.”

Laat ons ons nie bluf om te glo dat die Britse Empire besig is om uitmekaar te val wanneer dit inderdaad volgens 'n vaste imperialistiese patroon uitgebou word nie.

WORD STERKER

Dat die Empire-bande juis vandag tekens van versterking toon is 'n feit wat in meer as een dominium waar te neem is. Dit is bekend hoe sekere nasionale politici in ons land vandag doodtevrede is om binne die Empire te bly „in enige omstandighede.” Dit openbaar hom ook in Kanada waar daar 'n tyd gelede sprake was dat daardie dominium 'n eie vlag en volkslied sou kry. So pas is berig dat die Kanadese parlement „eenparig” 'n voorstel verwerp het om 'n eie vlag en

volkslied in te voer en die land nie meer 'n dominium te noem nie.

Eienaardig genoeg het hierdie terugslinking in die Empire geskied onder die leiding van 'n Franssprekende eerste minister in 'n dominium waar die Franssprekendes se sentiment min of meer ooreenslaan met dié van die Afrikaners in ons land. Dit is nie 'n alleenstaande verskynsel nie. Louis St. Laurent het van alle Empire-premiers die verste gegaan om die Britse beleid van versoening tussen Oos en Wes op die Empire-konferensie te ondersteun. Tot so 'n mate is dit die geval dat Kanada ná die konferensie selfs aangekondig het dat hy sy grense gedeeltelik weer oopgooi vir Indiër-immigrante.

GREEP VERSTEWIG

Hierdie dinge is aanduidings dat die Empire sy greep op die gees van sy dominiums verstewig. Verdere aanduidings hiervan vind ons ook in ons land waar die Unie se verteenwoordiger op die Empire-konferensie die Iere verwyt omdat hulle nie binne die Empire is nie. Ons vind dit ook in die besware wat daar opgaan teen Brittanje se „onttrekking” aan Afrika.

Dit wil voorkom of die Britte besig is om 'n ultra-moderne imperialisme te ontwikkel — dié van die gogga wat homself dood aanstel in die verwagting om daardeur sy lewe te red. Namate die Empire skynbare tekens van verval toon, slaan d'e gevoel van verset by die dominiums oor in 'n gevoel van gerustheid wat al gou ontwikkel tot 'n grootmoedige selfonderzoek. Daar word dan bevind dat aangesien die Empire nie meer gevaarlik is nie, hy darem ook nou nie meer so lelik lyk nie, ja meer nog, kan ons selfs sy „goeie” punte raaksien — van die dooie praat mens mos net goed! Dit is dan wanneer ons glo dat om Brittanje in Afrika te hou, vir ons voordelig is in die stryd teen Indiër-imperialisme — niesteenstaande Brittanje juis die brug vir Indiër-indringing vorm!

Stedelike Arbeiders (Slot)

Bantoe Is Nog Nie Ontstam

Om die kiesreg te beoefen moet die kieser so 'n hoë mate van ontwikkeling bereik het dat hy hierdie voorreg tot bevordering van die groepsbelang voordelig kan aanwend.

Die Bantoe is vandag, hoewel tot 'n groot mate gedenasionaliseer, nie tot die mate ontstam as wat baie mense wil voorgee nie. In elk geval het die hele Bantoebevolking van die Unie nog skaars in een geslag tot 'n mate kennis gemaak met die kiesreg van die blanke.

Ongelukkig het dit mode geword om alles wat nie-Europees is as barbaars te bestempel en alles wat Europees is as beskaafd voor te hou. Hierdie onwetenskaplike mode het ons blind gemaak vir die instelling van die Bantoe tot hulle en ons eie nadeel.

Die onderhandelingsmasjinerie van die Bantoe kan met oorleg weer oopgeploeg word want in die meeste werkspanne is daar 'n natuurlike indoe-na wat nie met stembriefies hoef aangewys te word nie. Al sou die

hom vergesel as die verteenwoordiger van die werkers.

Waar ons in amptelike hoedanigheid op hierdie grondslag verteenwoordigers van naturele in diens van die plaaslike municipaliteite gelei het na die voor-sitter van die Loonraad het die onderhandelinge ordentlik en vlot verloop.

ADVIESRAAD

Ons wil dus aan die hand doen dat 'n Arbeidsadviesraad, onafhanklik van enige staatsdepartement, ingestel word om die belange van die natuurlike werker te behartig op so 'n wyse dat die natuur, deur sy verteenwoordigers, hierdie raad as werklike trustees van sy belange sal beskou. Hierdie raad moet die natuur nie as geskei van sy maatskaplike inbinding behandel nie, m.a.w. sy vaders in sy herkomsgebiede moet ook kontak mee gemaak word. Hierdie raad kan bv. loonbepalings so reël in oorleg met die bewindhebbers in die tuisgebiede dat besoldiging in natura die familie tuis en die tuisgebied se belange sal bevorder.

Ons wil ten slotte 'n beroep doen op sowel Afrikaans- as Engelssprekende burgers van hierdie land, wat stamvaste mense is, om die Bantoe as kultuur-mense te behou en altyd hul optrede teenoor die natuur in te rig teen die agtergrond van sy eie intieme kultuurverband. As ons hierdie riglyn altyd voor oë hou, sal ons die grootste maatskaplike siekte van die twintigste eeu, nl. die vereensaming van die mens, by die Bantoe verhoed.

Sabra-Lesing
Deur
C. W. Prinsloo.

kiesreg hier uitgeoefen word, sal, tensy belangegroep van buite propaganda maak, hierdie selfde persoon aangewys word.

GEEN „BEVRYDERS”

Van watter metode ookal gebruik gemaak word om die verteenwoordigers van natuurlike werknemers aan te wys moet gesorg word dat die sogenaamde bevryders van die Bantoe, met hul ledelyste en subskripsies waarvan die meeste trekwerkers geen benul het nie, nie op die toneel verskyn nie.

Die werkgewers van die Bantoe is die blanke en derhalwe moet die saak van die werknemer aan die werkgewer gestel word deur 'n blanke in teenwoordigheid van die Bantoe wat

GENL. FRANCO WORD DEUR DERTIG APE GEDWARSBOOM

Genl. Franco het 'n paar maande gelede sy stem verhef oor Gibraltar wat nog steeds in Britse hande is. Hy het gesê dat Gibraltar deel van Spanje is en ter gelegenertyd onder Spaanse gesag sal kom.

In Brittanje was daar 'n ligte gefladder oor die eis, veral daar ondervind in die jongste jare geleer het dat die Britse regering voor meer as een eis geswig het. Maar Brittanje vestig sy hoop nie op militêre krag of diplomatie sover dit Gibraltar betref nie. Die Britte glo dat hierdie vesting aan hulle sal behoort solank as wat daar ape op die rots is, ongeag wat genl. Franco sê. Die dag wanneer daar nie meer 'n aap op die rots speel nie, sal die Union Jack gestryk word, volgens hierdie bygeloof wat al baie jare aan

die lewe gehou word.

Klaarblyklik het die Spaanse eis nuwe belangstelling en besorgdheid by die Britse regering laat ontstaan oor die welsyn van die ape en die saak is verlede week in die parlement aanhangig gemaak toe navraag gedoen is oor die welstand van hierdie rotsbewoners van wie se voortbestaan die Britse gesag afhanklik is.

'n Konserwatiewe lid (opposisie), Leonard Gammans, wou weet of die amptelike toelaag van 4 pennies per dag aan 'n aap voldoende is om hom op Gibraltar aan die lewe te hou. Die lid het blykbaar die hoë lewenskoste in gedagte gehad en verwys na die koste van 1s. per dag verbode aan die onderhoud van 'n aap in die Glasgowse dieretuin.

Die minister van koloniale sake, James Griffiths, het die versekering gegee dat die dertigste aap op Gibraltar goed gevoed word en in goeie gesond-

heid verkeer. (Die ape is amptelik aan die Britse garnisoen verbode en word uit die Britse skatkis onderhou.)

Die leier van die opposisie, Winston Churchill, wou weet of dit waar is dat daar 'n buitengewone oorwig aan manlike ape op Gibraltar heers.

Churchill se besorgdheid kan goed begryp word. Tydens die oorlog toe sake maar donker vir die Britse Ryk gelyk het, het Churchill by geleentheid van 'n besoek aan Gibraltar verneem dat die ape besig is om uit te sterf. Daar was nog net ses oor. Onmiddellik het die eerste minister opdrag gegee dat die getal aangevul moet word, en nog twintig ape is per vliegtuig na Gibraltar oorgebring.

Indien Spaanse nasionaliste eendag die ingewing sou kry om die ape op Gibraltar te gaan steel soos die Skotte onlangs die kroningsklip gesteel het, kan 'n eersterangse regeringskrisis verwaag word.

Noord-Rhodesië Berei Voor Op ,Onvermydelike', Verdeeldheid

In 'n oorsig van die stryd van Noord-Rhodesië teen die Britse koloniale beleid doen die korrespondent van die Cape Times onderstaande belangrike verklaring.

„Selfbestuur vir Noord-Rhodesië sal byna seker beteken die eerste ministerskap vir mnr. Welensky, en dit op sy beurt sal verdere toetse aan sy staatsmanskap stel.

„Op die oomblik lei hy sy span van 10 verkose blankes grootliks deur die krag van sy persoonlikheid en aanhoudende beklemtoning van die noodsaaklikheid om 'n verenigde front teenoor die koloniale regering in te neem.

„Sodra die verkose lede sowel 'n regering as opposisie sal moet verskaf, sal hierdie verenigde front onvermydelik

ineenstort. Afrikaanse nasionalisme is reeds sterk gevestig in Noord-Rhodesië en dit kan moontlik as 'n sterk politieke mag by die volgende verkiesing na vore kom.

„Mnr. Welensky sal die stem van elke blanke nodig hê vir sy beleid vir selfbestuur, maar hoe die blankes gaan verdeel wanneer hierdie status eenmaal bereik is, staan nog te besien.

Die vanselfsprekende antwoord op hierdie probleem is: Maar waarom nie 'n Suid-Afrikaanse regeringsstelsel invoer waar daar geen opposisie vereis word nie?

Oorlogseise t.o.v. Afrika

(vervolg van bladsy 1 kolom 4)

punt ten aansien van deelname aan 'n oorlog wat buitekant die grense van ons vaderland gevoer moet word.

In hierdie verband wil ek namens die O.B. ook die eerste minister, dr. D. F. Malan, gelukwens met die toespraak oor die oorhandiging van die protektorate wat hy op 'n onlangse staatsbanket gehou het. In alle beskeidenheid wil ek die eerste minister aanmoedig om die daad te voeg by die woord wat hy reeds gespreek het.

TEENSTRYDIGHEDE

Om aan te toon hoe onmoontlik dit is vir vaderlandliedende republikeine om onvoorwaardelik deel te neem aan 'n buitelandse oorlog wil ek 'n paar feite aanhaal wat nasionale Afrikaners orals in ons land hinder.

Daar veg 'n Suid-Afrikaanse eskader in Korea. En laat ek sê dat ek as oud-soldaat van die republiek hierdie seuns se bedrywighede in die verre en vreemde Asië met belangstelling volg en dat ek saam met diensende ander Afrikaners trots is op hul prestasies en op die naam wat hulle daar verwerf het. Dit is die een kant van die saak wat die manne wat hul bevel uitvoer, raak. Die ander kant van die saak, wat die regering wat die bevel gee raak, is dat daar 80 miljoen Japanees in die Ooste is wat ongetwyfeld bereid is om te veg ten einde te verhoed dat Rusland die hele Asië tot sy kommunistiese Empire toevoeg. Op die eiland van Formosa is daar 'n leër van byna 'n miljoen Sjinese nasionaliste wat reeds aangebied het om teen die kommuniste te veg. Tog word die Anti-kommunistiese Asië nie as bondgenote aanvaar en bewapen nie. Maar Suid-Afrika moet die bloed van sy uitmuntendste en onmisbaarste soldate offer en daarbenevens is reeds meer as 'n miljoen pond spandeer om in Asië te veg teen die kommuniste. My vraag is waarom moet anti-kommunistiese Afrikaners, wie se eerste plig en verantwoordelikheid teenoor hul eie vaderland en desnoods hul eie vasteland is, in Korea moet gaan veg as ons sterker en toonaangewende bondgenote weier om anti-kommunistiese Asië toe te laat om in en vir hul eie vasteland te veg teen die kommuniste? Dieselfde geld vir Europa. Kan ons bondgenote van die republikeinse Afrikaner verwag — en durf die regering dit eis — dat hy selfs in Europa moet gaan veg indien daar teen Duitsers en Spanjaarde wat Europeane is op sodanige wyse gediskrimineer word dat hulle u'tgesluit word van die stryd teen die kommunisme op hul eie vasteland?

Moet ons nie vir Engeland en Amerika duidelik sê wat ons standpunt en voorwaarde is nie? Is dit gedoen?

Dit is ongerymdheid hierdie wat die republikeinse Afrikaner — nie net in die Ossewabrandwag nie — hinder.

KOMENDE EENHEID

Ten opsigte van binnelandse aangeleenthede is daar twee sake wat ons gdagtes op hierdie Vryheidsdag moet besig hou.

Die eerste is die vooruitsig wat bestaan dat eindelijk die vyandskap tussen nasionale Afrikaners teen die end van hierdie jaar formeel uitgeskakel mag word. Ek sinspeel op die verwagte eenwording van die H.N.P. en d'e A.P. wat sal uitloop op die stigting van 'n nuwe party waarby lede van die O.B. as oud-lede van die A.P. ook

sal mag aansluit. Indien dit gebeur — en ek hoop van ganse harte dat die partyleiers dit sal bewerkstellig — sal die posisie wat voor die skeuring in 1941 geheers het, herstel word. Dan sal daar weer een nasionale politieke party wees naas die volksbeweging en die twee organisasies sal nie mekaar vyandiggesind kan wees nie. Wanneer hierdie situasie ontstaan sal die O.B. dit verwelkom en benut deur die vriendelikegeworde nasionale party by verkiesings te ondersteun net soos hy in die jare voor die skeuring van 1941 ook gedoen het. Voorts, sal die O.B. gebruik maak van die staking van vyandlikhede om met hernude kragte die middelpunt van krag in die Afrikanervolk te organiseer wat die republikeinse koers van ons volk moet dra, verteenwoordig en voorlig, tot steun van die volk se partyfront.

ORGANISEER

Daarom vra ek aan die offisiere van die O.B. oral in Suid-Afrika om met nuwe moed en nuwe verwagtinge die organisasie van ons beweging op te knap. Ek doen hierdie beroep met des te meer vrymoedigheid omdat ek jarelank die beweging as organisasie-leier gedien het en omdat ek weet dat die staatmakers op wie ek in die verlede gesteun het nog almal op hul poste is. Op die organisasie rus vandag hoofsaaklik twee pligte — een na binne en een na buite. Na buite moet die kommando's die wegwysers wees wat die volk op die republikeinse koers moet hou en die volksfront moet opbou. Na binne moet die kommando's help om elke republikeinse huisgesin by die organisasie in te skakel en om intekenare te werf vir Die O.B., orgaan van die volksbeweging, wat op so 'n uitmuntende wyse daarin slaag om republikeinse standpunte te stel.

REPUBLIKANISME

Dit spyt my dat die ander binnelandse aangeleenthede wat ek hier moet noem van sodanige aard is dat ek dit nie kan verwelkom soos wat ek die naderkoms van Afrikaners kan verwelkom nie. Die aangeleentheid waarna ek verwys is 'n sigbare neiging tot die aftakeling en afwatering van, of selfs onverskilligheid ten opsigte van daardie Afrikaner-nasionalisme in nasionaalgesinde kringe wat in 1938 en die jare daarna skitterende hoogtepunte in ons land bereik het.

Ek wil die Afrikanervolk van hierdie geslag waarsku dat ons geen reg het om 'n jota of 'n tittel prys te gee van daardie nasionale en republikeinse erfenis wat vorige geslagte vir ons nagelaat het nie. Ek voel my verplig om met die kragte wat ek nog tot my beskikking het hierdie waarskuwing uit te spreek. Miskien mag dit my veroorloof word om te sê dat ek 'n skakel is tussen die stryd van vorige geslagte — waaraan ek as jong man meegedoen het — en die stryd van die huidige geslag waaraan ek in die aand van my lewe nog steeds meedo. En ek sê vir u dat niemand het die reg om onder die vaandel van nasionalisme te seil en terselfdertyd die Afrikaner se ideaal van 'n vrye republiek af te takel en te verwater na 'n valse ideaal vir 'n Empire-republiek nie. Ek sê vir u dat niemand het die reg om onder die vaandel van nasionalisme te seil en terselfdertyd 'n konsiliaisie-beleid of laat-maar-loop-beleid te volg teenoor die Empiregees nie. Die Afrikanervolk van hierdie geslag durf nie sodanige verswakking gedoog nie. Ek

sal dit nie gedoog nie en die O.B. sal dit nie gedoog nie.

Intendeel, die O.B. sal voortgaan om daardie ideale te huldig en te verkondig wat vir ons volk in die verlede 'n krag en 'n besieling was — dieselfde ideale wat in die afgelope donker oorlogsjare vir ons volk die lig op sy pad was. Die O.B. is die draer van onvervalsde nasionalisme en republikaanisme. Dit is sy taak om die pad oop te kap na die republiek. Vervalsing of afwatering van nasionale aspirasies en republikaanisme is 'n uitdaging aan die O.B. Ek neem daardie uitdaging aan. Daarom staan ek vandand hier voor u. En ek doen 'n beroep op elke lid van die O.B. — tewens op elke republikeinse Afrikaner — om dieselfde te doen.

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

neer omstandighede republiekwording 'n saak van praktiese politiek maak, dan is dit die plig van die O.B. om onomwonde te verklaar dat die tyd nou ryp is vir republiekwording.

Omdat dit so is, is die O.B. baie bly dat daar tog enkele stemme in die regering opgaan wat roep na die republiek. Aan hulle wil spr. sê dat die O.B. altyd te vinde sal wees vir steun as dit gaan oor die verkryging van die republiek.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Postbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Britte Bedreig Statebond Sê Dr. Malan

Groot ontevredenheid in Britse kringe is verlede Saterdag veroorsaak deur kritiek wat dr. D. F. Malan in 'n persoonderhoud gelug het in verband met die koloniale beleid van Brittanje om selfbestuur aan sy swart kolonies te gee met die belofte van opname in die Statebond. Dr. Malan het gewys op die gevaar wat hierdie beleid inhou vir die blanke in Afrika en vir die eenheid van die Statebond.

Hy het gesê dat mens sou verwag dat by die toelating van nuwe lede almal ook gelyke seggenskap sou hê omdat dit die hele wese en karakter van die groep lande raak. Maar Brittanje het Indië, Pakistan en Ceylon op eie houtjie toegelaat en hy is nou voornemens om op dieselfde wyse die proses onbeperk voort te sit.

Dr. Malan het met verwysing na statebondseenheid gesê dat hierdie eenheid voorheen verseker was deur „gemeenskaplike belange en 'n genoegsame eensortigheid van kulturele en politieke uitkyk.” Maar nou as gevolg van die nuwe gebeurtenisse ontstaan die vraag watter groter saamhorigheid of gemeenskaplike belange bestaan daar tussen Suid-Afrika en Indië as wat daar bestaan tussen Suid-Afrika en Nederland of België of Frankryk of Duitsland.

Die nuwe Britse beleid beteken niks meer nie as die ondermyning van die fundamente van die Statebond en sy geleidelike likwidasië. „Ons wat waarde heg aan die voortbestaan van die Statebond mag dit innig jammer vind, maar die skuld is gelukkig nie ons s'n nie.”

Die Cape Times verwyrt dr. Malan dat hy kritiek in die openbaar lug wat langs die gewone kanale privaat onder aandag van die Britse regering gebring moes word, soos dit die gebruik in die Statebond is.

ONDERHANDELINGS KON REPUBLIEK NIE BRING

Nie onderhandelinge en verkiesings nie, maar slegs die daad van 'n verenigde volk het die republiek in die verlede gebring, het mev. dr. J. S. du Toit gesê toe sy Saterdagand gepraat het by geleentheid van die Vryheidsdagvierings te Bellville.

Mev. Du Toit het verwys na die verowering van Transvaal deur 'n handjievol Engelse as gevolg van die tweedrag wat daar onder die Boere bestaan het. 'n Burgers was aan die bewind en die volk was verdeeld oor sy beleid. Paul Kruger het bedank as kommandant-generaal en sonder stamp of stoot is die republikeinse vryheid verloor. Daarop het 'n lang tydperk van onderhandelings gevolg.

Kruger, die man van aksie, het eers na Londen gegaan, maar aan hom is gesê dat hy nie die volk verteenwoordig n'e. Hy het teruggekeer en 'n verkiesing is gehou wat hom oorweldigende steun verleen het. Weer het hy na Londen gegaan, maar hierdie keer is aan hom gesê daar is nog die naturelle; Brittanje moet ook die naturelle se belange in ag neem. Die hoop is toe gevestig op 'n verkiesing wat hangende was in Brittanje. Gladstone, die liberale leier, het hom sterk uitgelaat teen die anneksasie van Transvaal en het onderneem om die geskonde vryheid te herstel wanneer hy aan bewind kom. Maar hierdie hoop is ook beskaam, want hoewel Gladstone die verkiesing gewen het, het hy die republiek nie herstel nie. Sy verskoning was dat sake reeds te ver gevorder het.

OORWINNING

Eers toe het Kruger besef dat met onderhandelings en verkiesings die vryheid nie weer verkry sal word nie. Hy het die volk toe opgeroep tot die

daad — die daad van 'n verenigde volk wat gelei het tot die oorwinning op Amajuba as gevolg waarvan die vryheid herwin is wat deur tweedrag verloor is.

In verband daarmee het spr. gewys op die rol van die vrou.



Mevr. Joubert het vertel hoe dat sy die Engelse op die berg gesien en aan haar man, genl. Piet Joubert, gesê het dat hy die Rooibaadjies weer daar moet afhaal. So moet die vrou ook vandag nog waak oor die vryheid en die man besiel tot die daad.

Mev. Du Toit het met waarderend gesprek van die jongste uitlatings van dr. Malan ten opsigte van die Protektorate en die Goudkus en gesê dat die regering nie langer moet talm om oor te gaan tot die daad nie.

Die Ossewabrandwag het die berg Amajuba vir die volk in bewaring geneem. Hy het dit gekoop en besit vandag die kaart en transport van hierdie nasionale monument. Maar die dag wanneer ons volk weer een is en die republiek kom tot stand, sal dit ongetwyfeld vir die Ossewabrandwag 'n voorreg wees om hierdie volksmonument aan die volk as sodanig te oorhandig.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.



Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD